

## Gesondheids- wetenskappe en Medi-Clinic hernieu ooreenkoms

'n Samewerkingsooreenkoms wat die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) twee jaar gelede met die Medi-Clinic Korporasie gesluit het om die Fakulteit se



Dr Edwin Hertzog, Voorsitter van die Medi-Clinic Korporasie, en prof Wynand van der Merwe, Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, onderteken die hernieude same-werkingsooreenkoms.

opleidings- platform te versterk en die "toevoer van voortreflike mediese personeel te verseker" is onlangs hernieu.

Ingevolge hierdie ooreen- koms onderneem Medi-Clinic om weer vir 'n tydperk van twee jaar 'n jaarlikse bedrag van meer as R1 miljoen vir akademiese onderrig en navorsing aan die US – en hoofsaak- lik die FGW – beskikbaar te stel.

Hierdie onder- steuning het reeds

bykans onontbeerlike bydraes gemaak tot dissiplines soos Neurochirurgie, Verloskunde en Ginekologie, Hematologie, Fisioterapie asook Ukwanda, die FGW se landelike oplei- dingsplatform.

Dit het die befondsing van sowel 'n aantal kliniese assistente as genootskappe behels, asook subsidies vir navorsingsgedrewe meestersgraadstudies van vier studente in Fisioterapie.

Benewens die voortsetting van huidige projekte, dra Medi-Clinic, ingevolge die nuwe ooreenkoms, ook saadkapitaal by om 'n nuwe multidissiplinêre Eenheid vir Infeksiesiektes op die Tygerberg-kampus op die been te bring. Die kernstrate- gie van hierdie eenheid is om op opleiding, navorsing en dienslewering op die gebied van infeksiesiektes te fokus.



## CAT for a better future

As a contribution towards countrywide efforts to increase maths and science skills in South Africa, the Stellenbosch University (SU) Faculty of Health Sciences recently donated Computer Applied Technology (CAT) laboratories to three Western Cape schools.

The Faculty contributed a hundred computers – previously used in the computer facility on the Tygerberg Campus – while the official equipment supplier to SU, First Technology, refurbished the computers and provided man hours to install them. As a third partner, Khanya – the computer project of the Department of Education – supported the process and supplied infrastructure and software.

The three secondary schools that benefited from the donation are the Phakama, Sinethemba and Stellenzicht schools.

At the launch of the project, Western Cape Minister of Education, Mr Cameron Dugmore, lauded the Faculty for its initiatives to encourage computer literacy among learners, and stressed the importance of partnerships between tertiary education and schools. He pointed out that the labs would be utilised for Computer Applied Technology, a new subject to the Western Cape's school curriculum.


At the same time, the Dean of the Faculty, Prof Wynand van der Merwe, said that the University, as a responsible corporate citizen, has committed itself to community interaction on various levels. Its main objective with the CAT initiative was to contribute to countrywide efforts to encourage more learners to apply themselves to subjects such as technology, maths and science. 



PHOTO TOP: Western Cape Minister of Education, Mr Cameron Dugmore (left), with the Dean of the Faculty of Health Sciences, Prof Wynand van der Merwe, at the launch of the computer project.

PHOTO BOTTOM: A learner utilising one of the computers donated by the SU Faculty of Health Sciences.



## Radiologieleerstoel vir Gesondheidswetenskappe

Radiologiese opleiding van internasionale gehalte het 'n belangrike hupstoot aan die US gekry toe die privaat sektor onlangs 'n nuwe leerstoel in Radiologie aan die Fakulteit Gesondheidswetenskappe gevestig het, en die vooraanstaande private radioloog, prof Jan Lotz, gesekondeer het om dié pos te vul.

